**Saterdag 4 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 13:17 – 14:31**
**Fokusgedeelte: Eksodus 14:13, 14**
**Staan vas en aanskou die verlossing van die HERE!**

Ek en jy leef mos in gemeenskap met God én sy gemeente. Ons is mos in die ewigheid uitverkies. Deur sy Woord en Gees, in die eenheid van die ware geloof, van die begin tot die einde toe maak Hy sy gemeente bymekaar, beskerm en onderhou ons tot in ewigheid.

Maar ai, dit is soms moeilik om in al sy skatte en gawes deel te hê én ’n lewende lidmaat te bly! Ons verstaan soms nie God se pad met ons nie. Vir 400 jaar het God vir Israel as slawe in Egipte laat woon. Maar wanneer Hy hulle na die Beloofde Land lei, laat Hy die 14-dae reis 40 jaar duur! God laat hulle wegdraai na die woestyn toe! Josef se doodsbeendere word moeisaam saamgedra. Met ’n verharde hart agtervolg die farao hulle. Uiteindelik loop God se gemeente hulle ook nog teen die Rietsee vas. Voor hulle die see, agter hulle die farao! Hoe wil God dan nou in sulke omstandighede hê dat ons Hom bly dien en die gawes wat Hy gee, met ander in vreugde te deel?

Genadiglik antwoord God deur profete en apostels. God skryf (Eks. 13:17 – 14:31): *“God sal eindelik op julle ag gee ... Ek wil My aan Farao ... verheerlik ... dat hulle sal weet dat Ek die HERE is ... Maar ... Israel het deur ’n hoë hand uitgetrek.”* En toe die gemeente bang en vol verwyte na God roep, het Moses hulle geleer: *“Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE ... (Hy) sal vir julle stry ... wees stil!”* God sal julle reg rondom beskerm deur die wolkkolom en deur die *“Engel van die HERE”*. (Hierdie uitdrukking word verklaar as Christus se verskyning in die Ou Testament; Immanuel, God met ons, in ons midde; Christus as Hoof van die gemeente wat beskerm.) Deur ’n wonderteken – Moses se staf – word húlle droogvoets deur die Rietsee gelei, terwyl die farao en sy leër verdrink. Dit alles het gebeur terwyl die HERE vanuit die vuur- en wolkkolom op die gebeure afgekyk het (14:24).

In ons Here Jesus Christus is God steeds in ons midde en regeer Hy vanaf die hemeltroon, ons ten goede. “Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE ...!”

*Sing: Psalm 138-1:3, 4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*